# HOOFSTUK 13

# DIE IMPAK VAN MILITÊRE AKTIWITEITE OP DIE VAALDRIEHOEKSE GEMEENSKAP

## 13.1 INLEIDING

Militêre aktiwiteite in die tydperk 1974–1994 het 'n duidelike impak op die Vaaldriehoekse samelewing gehad. Sosiale en maatskaplike probleme kon dikwels na militêre aktiwiteite herlei word.[1] Militêre handelinge is sedert die middel tagtigerjare in oorlogspeletjies en speelgoed weerspieël. Die veiligheidstoestand van destyds het ook meegebring dat mense neuroties gereageer het, terwyl daar 'n beduidende toename in wapenverkope was. Sommige Vaaldriehoekers het selfs op grond van die heersende toestand besluit om die streek te verlaat. 'n Aantal Vaaldriehoekers is deur die herinnering aan gevegsituasies nadelig geraak en die naasbestaandes van gesneuweldes het ook die dood van geliefdes as traumaties ervaar. 'n Hele aantal Vaaldriehoekers het gesneuwel of is gedurende militêre diens dood. Etlike Vaaldriehoekse soldate het aan die ander kant op verskillende terreine binne die militêre opset presteer. Dit sluit in van mense wat met topdekorasies vereer is tot diegene wat die generaalsrang bereik het. Politieke verwikkelinge het egter op soldate en hulle naasbestaandes 'n negatiewe uitwerking gehad.

---

[1] Anon, "Sosiale probleme neem toe in Driehoek", in *Vaalweekblad*, 08.10.1976; Vgl. J. E. Louw, "The demilitarisation of ex-soldiers", *Paratus*, 28(5), Mei 1977, p. 22.

## 13.2 MAATSKAPLIKE PROBLEME AS GEVOLG VAN MILITÊRE AKTIWITEITE

Die afwesigheid van die gesinshoof wat met grensdiens weg was, het maatskaplike probleme meegebring. Welsynsoffisiere van die weermag het aan die probleme aandag gegee. Probleemgevalle het óf deur eie aanmelding óf deur bevelvoerders en kapelane onder die aandag van die welsynsoffisier gekom.[2]

### 13.2.1 DWELM- EN DRANKMISBRUIK ONDER SOLDATE

Vanweë die besondere omstandighede waaraan soldate blootgestel is, het sommige soldate hulle tot alkohol en dwelms gewend om afleiding te kry en om van emosionele stres ontslae te raak.[3] Drankmisbruik het ook onder die Vaaldriehoekse soldate voorgekom. Afgesien van gevegstres was een van die ander redes vir drankmisbruik deur soldate die swak beheer wat oor die verspreiding van drank uitgeoefen is.[4] Aan die ander kant kon oormatige drankgebruik deur soldate verklaar word deurdat dit as deel van die soldatekultuur gesien is.[5] Heelwat soldate van die Vaaldriehoekse militêre eenhede moes weens drankmisbruik berispe word.[6]

Die lesse wat in Viëtnam rondom dwelmmisbruik geleer is, het ook die Suid-Afrikaanse weermag tot kommer gestem.[7] Die geneesheer-generaal van die weermag, lt. genl. C. R. Cockcroft, het in 1977 op die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) se program *Top Level* gesê dat sekere jeugdiges

---

[2] A.M. Kok, "Welsyn beteken gemoedsrus, bepaal dienslewering", *Paratus*, 25(11), November 1974, p. 39.

[3] SAW Kapelaanlektuurkommissie van die drie Afrikaanse kerke, "Die Christen in uniform: Die soldaat en dwelms", *Paratus*, 26(10), Oktober 1975, p. 27.

[4] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 53. 14012000, Erasmus, A. P., (46) Meyerton; MAV, p. 71. 05022000, Van Stratten, L. M., (50) Helenasrus; Vgl. Anon, "Al meer drank agter stuurwiel: Swaarder strawwe?", in *Vaalweekblad*, 13.07.1979.

[5] MAV, p. 97. 29032000, Pretsch, T., (66) Sasolburg.

[6] MAV, p. 95. 29032000, Schempers, B., (64) Vanderbijlpark.

[7] K. van der Merwe, "Die dwelmspel(4): Só veg die weermag teen die dwelmhandel", *Huisgenoot*, 22 November, p. 45.

reeds voor hulle militêre diensplig van dwelms en alkohol afhanklik was.[8] Daar was enkele gevalle van Vaaldriehoekse soldate wat 'n periode op Greefswald, 'n militêre rehabilitasiesentrum vir dwelmafhanklikes op die Messina grens, deurgebring het.[9] Greefswald was in daardie stadium die enigste van sy soort in die wêreld.[10] Die weermag was in die sewentigerjare die grootste organisasie wat betref mannekrag en bates en daarom in staat om dwelmslawe weer vir die samelewing te herwin.[11]

Die Transvaalse Vroue Landbou-unie (TVLU) van Arconpark, Vereeniging, het in Mei 1981 'n geleentheid gereël waartydens speuradjudantoffisier Barry Massyn oor dwelmmisbruik in die weermag gesels het.[12] Gevalle van Vaaldriehoekse soldate wat dagga gebruik het, het ook voorgekom.[13] Tydens 'n simposium wat by die Vaaldriehoekse Technikon in Maart 1983 oor die misbruik van alkohol en dwelmmiddels aangebied is, het dr. M. Chavonnes, 'n dosent in maatskaplike werk verbonde aan die Randse Universiteit (RAU), gesê dat opnames wat deur Phoenix-huis, die weermag en die Wêreldgesondheidsorganisasie gedoen is, getoon het dat die ouderdom waarop mense met dwelms eksperimenteer tussen 12 en 18 jaar was. Tydens dié simposium is genoem dat die Vaaldriehoek 'n vierledige probleem gehad het. Eerstens kon dagga maklik gekweek word, tweedens was die Vaaldriehoek die deurpad na groter sentra wat die afset van dwelms in die streek vergemaklik het. Derdens was die streek 'n vinnig ontwikkelende nywerheidsgebied. Vierdens was groter sentra soos byvoorbeeld Johannesburg, maklik bereikbaar.[14]

---

[8] Anon, "Medicine: Army drug war", *SA Digest*, 21.10.1977.

[9] MAV, p. 95. 29032000, Schempers, B., (64) Vanderbijlpark.

[10] Anon, "TV fokus op Greefswald", *Paratus*, 24(1), Januarie 1973, p. 38.

[11] Anon, "Dienspligtiges: ouers kan help om jeug paraat te kry", in *Vaalweekblad*, 29.07.1977.

[12] Anon, "Dwelmmisbruik: Vroue hoor skokkende feite", in *Vaalweekblad*, 08.05.1981.

[13] MAV, p. 71. 05022000, Van Stratten, M. L., (50) Helenasrus.

[14] Anon, "Vaaldriehoek het vierledige probleem: Dwelmgebruik neem drasties toe", in *Vaalweekblad*, 25.03.1983; Anon, " 'n Simposium oor dwelmverslawing en alkoholisme", in *Vaalweekblad*, 15.04.1983.

### 13.2.2 ANDER PROBLEME

Egskeidings was 'n sosiale probleem wat nou met die militêre aktiwiteite saamgehang het.[15] Die afwesigheid van mans van die huis vir lang tye tydens militêre diens en die feit dat daar dikwels minder geld tydens die tydperk van militêre diens 'n huishouding binnegekom het, was ook bydraende faktore tot egskeidings. Benewens die afwesigheidsfaktor en finansiële redes het ontrouheid ook 'n rol gespeel.[16] Die Vaaldriehoek het teen 1981 een van die hoogste egskeidingsyfers in die land gehad.[17] Teen 1990 was elke tweede huwelik in die Vaaldriehoek op die rotse.[18] Dit was deel van 'n landwye probleem. 'n Onbekende briefskryfster het aan die *Huisgenoot* geskryf dat haar man kort na hulle troue weg is met militêre diens en daarna nie nader aan die huis gestasioneer is nie.[19]

Gesinne van soldate het ook finansiële probleme ervaar terwyl die vader en eggenoot met militêre diens besig was.[20] Daar was byvoorbeeld die geval Van Wyk van Sonlandpark. Andries van Wyk is in Mei 1976 vir grensdiens opgeroep. Alhoewel hy van die Unie Staalkorporasie (USCO) betaling ontvang het, was die gesin se inkomste te karig om vir die medisyne van hulle een jaar-oue baba te betaal terwyl die motorpaaiement ook agterstallig geraak het.[21] Die reaksie van USCO in die geval was dat Van Wyk nie vooraf reëlings getref het sodat sy aftrekking gevries kon word nie.[22]

---

[15] Vgl. E. M. Meyers, "Aanpassingsprobleme in die militêre milieu", *Paratus*, 33(6), Junie 1982, p. 122.

[16] MAV, p. 95. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark.

[17] Anon, "Skei-syfer hier die hoogste", in *Vaalweekblad*, 14.08.1981; Anon, "Kommentaar: Egskeiding", in *Vaalweekblad*, 06.07.1982.

[18] Anon, "Elke tweede huwelik op die rotse", in *Vaalweekblad*, 15.06.1990.

[19] Anon, " Sake van die hart: Brief: Sy verlang haar dood, maar Weermag hou man vas", *Huisgenoot*, 715(3711), p. 62.

[20] Vgl. J. E. Louw, "The demilitarisation of ex-soldiers", *Paratus*, 28(5), Mei 1977, p. 23.

[21] Anon, " 'Misery' for army wife", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 14.05.1976.

[22] Anon, "uproar over army wife's claims", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.05.1976.

Oor die impak van die militariseringsproses van destyds het 'n onbekende briefskrywer van KwaZulu-Natal in Julie 1998 aan die *Huisgenoot* geskryf:

> Ek glo 'n groot persentasie van vandag se mans wat in die sewentigs tot negentigs by weermagopleiding en grensdiens betrokke was, ly aan depressie. Ook dat dit deels die oorsaak is van die hoë egskeidingsyfer, drankmisbruik en gesinsgeweld. [23]

### 13.2.3 MISDADE BEGAAN DEUR SOLDATE

Sommige Vaaldriehoekse soldate het een of ander soewenier van die operasionele gebied af huis toe gebring wat dikwels onwettige artikels was. 'n Man van Vereeniging is in Mei 1978 skuldig bevind aan die onwettige besit van ammunisie en tot R400 of 200 dae gevangenisstraf gevonnis. Hy het 'n brisantmortier op Grootfontein gesteel.[24] In 'n ander voorval is 'n man op 'n aanklag dat hy 'n mortierbom onwettig in sy besit gehad het, skuldig bevind en met R120 beboet.[25] Daar was ook heelwat gevalle waar militêre ammunisie soos donderflitse, mortierbomme, tenkammunisie, geweergranate en geweer-ammunisie óf teruggevind is óf op plekke in die Vaaldriehoek opgetel is.[26]

Twee soldate wat op Vanderbijlpark 'n telefoonhokkie probeer oopbreek het om geld in die hande te kry, is in Julie 1978 in die hof op dié dorp tot R250 boete of 125 dae gevangenisstraf, opgeskort vir drie jaar, gevonnis. Die landdros het aan hulle gesê dat hulle die uniform wat hulle dra oneer aangedoen het.[27] In Mei 1979 het 'n negentienjarige soldaat 'n dertienjarige meisie bewusteloos geslaan en daarna verkrag.[28] Op Vanderbijlpark het 'n man in Junie 1980 'n swart man

---

[23] Anon, "Brief: Depressie na weermag', *Huisgenoot*, 56(4049), 9 Julie 1998, p. 4.

[24] Anon, "Bom in motor gevind: jong man gevonnis", in *Vaalweekblad*, 05.05.1978.

[25] Anon, "Gevonnis oor mortier", in *Vaalweekblad*, 02.07.1982.

[26] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, 41 HK(Gp 1), H32, 202/4/2: Sekerheid- sekerheid van materiale – diefstal, verliese en smokkel, Onwettige besit van wapens en ammunisie, 08.02.1984.

[27] Anon, "Telefoonhokkie verniel: Dienspligtiges gevonnis", in *Vaalweekblad*, 28.07.1978.

[28] Anon, "Wrede aanval op 13-jarige: dienspligtige later verhoor", in *Vaalweekblad*, 15.05.1979.

met sy bajonet doodgesteek.[29] Twee soldate het in Julie 1980 in die hof op Sasolburg verskyn op aanklagte van roof, diefstal en aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hulle is tot lyfstraf gevonnis.[30] 'n Man van Drie Riviere is besteel nadat hy in Augustus 1980 twee soldate onderweg na Port Alfred opgelaai het.[31]

Gevalle van kamppligtiges wat nie hulle militêre verpligtinge nagekom het nie, het ook in die Vaaldriehoek voorgekom. Ses lede van die Meyerton Kommando het gedurende April 1976 ingevolge die Verdedigingswet in die hof verskyn omdat hulle versuim het om vir 'n kamp aan te meld. Vyf van hulle is gevonnis tot R100 boete of 50 dae gevangenisstraf. Die sesde soldaat is tot R50 of 25 dae gevonnis omdat sy vrou in kraam was en hy dus op versagtende omstandighede kon aanspraak maak.[32] Twee lede van die Vanderbijlpark Kommando is in Februarie 1976 elkeen met R25 beboet omdat hulle versuim het om 'n parade by te woon.[33] 'n Man van Parys wat nie 'n kamp gedurende November en Desember 1978 bygewoon het nie, het in die hof op Parys verskyn.[34] In twee ander gevalle is een man tot 90 dae detensie gevonnis terwyl 'n ander een tot 18 maande detensie gevonnis is, omdat hulle in afsonderlike gevalle nie vir kampe aangemeld het nie.[35]

## 13.3 DIE IMPAK OP SPORT EN SPELE

Militêre aktiwiteite het ook sport en spele beïnvloed. Oorlogspeletjies is beskou as die manifestasie van 'n wapenkultuur wat in Suid-Afrika aanwesig was. Die

[29] Anon, "Bajonetmoord: pa tronk toe", in *Vaalweekblad*, 13.06.1980.

[30] Anon, "Twee dienspligtiges kry lyfstraf", in *Vaalweekblad*, 20.07.1980.

[31] Anon, "Besteel deur dienspligtiges", in *Vaalweekblad*, 15.08.1980.

[32] Anon, "Defence act; six appear", in *Vereeniging & Meyerton News*, 30.04.1976.

[33] Anon, "beboet omdat hulle nie parade bygewoon het nie", in *Vaalweekblad*, 27.02.1976.

[34] Anon, "Dienspligtige eers later gevonnis", in *Vaalweekblad*, 11.09.1979.

[35] Anon, "Kind siek, man nie by kamp nie: 90 dae detensie", in *Vaalweekblad*, 15.06.1984.

waardes, sosiale gebruike en die instellings wat die wapenkultuur uitmaak, word ook 'verbruikersmilitarisme' genoem.[36] Daarby word ingesluit die vernormalisering en selfs verering van oorlog en wapentuig deur middel van televisie, speelgoed en sekere sporttipes. Sulke kultuurvorme het volgens mening deel van 'n 'banale militarisme' uitgemaak wat naby aan die oppervlak van die sosiale lewe aktief is.[37]

Daar word verder gemeen dat banale militarisme in alledaagse aktiwiteite ingebed is. Dit het 'n bepaalde uitwerking waar rituele wat oorlogmaak namaak as natuurlik aangebied word. Die oorlogspel *Paint Ball* het teen die laat tagtigerjare gewild begin word. Die verfbalsport is uitgelig as 'n voorbeeld van die voorgenoemde soort militarisme.[38] In die Vaaldriehoek het in Junie 1987 meer as 'n dosyn mense by die georganiseerde sportaktiwiteit aangesluit. Dit is destyds as een van die vinnigste groeiende buitelugsportsoorte beskou. Die eerste verfbalklub in die Vaaldriehoek was naby die Vaaldriehoekse Technikon.[39] Op Vanderbijlpark het die Splat Attack Paintball Club in 1993 geopen.[40] Die verfbalsport is beskryf as een van die mees suksesvolle oorlewingsporte in Suid-Afrika.[41]

Mense het ook speelgoed vervaardig wat die militêre kultuur van destyds weerspieël het. Die volgende aanhaling uit die *ISCOR News* beskryf die toestand

---

[36] K. Jochelson en F. Buntman, Shopping for war: an analysis of consumer militarism, in, J. Cock en L. Nathan (eds.), *War and society: The militarisation of South Africa* (Johannesburg, David Phillip, 1989), p. 298.


[37] J. Cock, A global perspective of light weapons in J. Cock & P. Mckenzie (eds.), *From defence to development: redirecting military resources in South Africa* (Claremont, David Phillip, 1998), p. 131.

[38] J. Cock, A global perspective of light weapons, in J. Cock & P. Mckenzie (eds.), *From defence to development: redirecting military resources in South Africa*, p. 131.


[39] J. Farr, "It's SA's latest game – Mock Defence", in *Vaal Ster*, 29-03.07.1987, p. 17.

[40] Anon, " Splat en daar sit die kol", in *Vaalweekblad*, 09.07.1993.

[41] Anon, "SA War games", in *Uniform*, 04.05.1987, p. 7.



Illus. 98: Lede van die Vaal Splat attack Paintball Club op Vanderbijlpark.
Bron: Anon, "Splat en daar sit die kol", in *Vaalweekblad*, 09.07.1993.



Illus. 99: Die Casspir voertuig wat deur die Jaarvlak 4-seuns van die Spesiale Skool op Sasolburg gebou is.
Bron: Anon, "Coert Reyneke kan so ampertjies die modelvoertuig bestuur…", in *Vaalweekblad*, 19.11.1985.

treffend:

> The modern-day South African child hunts down the 'enemy' in a toy Casspir, demolishes his hide-out with a Ratel and brings in reserves in a Buffel.[42]

Miniatuur Casspir-voertuie kon by Vaaldriehoekse polisiestasies gekoop word. Die geld wat só ingesamel is, het aan die polisie se Bejaardesorgfonds gegaan.[43] Die Jaarvlak 4-seuns van die Spesiale Skool op Sasolburg het in 1985 'n model van 'n Casspir-voertuig gebou.[44] Die Vaaldriehoek het in November 1986 twee trapkarspanne vir die trapkartoernooi van die Suid-Afrikaanse Federasie vir Universiteitsingenieurstudente (SAFUIS) ingeskryf. Die twee spanne se name was onderskeidelik Ratel en Cheetah.[45]

Kinders het ook bomme gemaak en is ernstig beseer as gevolg daarvan. 'n Sewentienjarige seun is byvoorbeeld in November 1983 beseer toe 'n tuisgemaakte bom ontplof het. Die seun se vader het sy beserings met 'n terroriste-aanval vergelyk.[46]

## 13.4 TENDENSE VAN NEUROSE

Sabotasie in die Vaaldriehoek en in die res van die land het daartoe gelei dat mense vanaf die sewentigerjare alle harde slae en rook in die lug vir 'n bomontploffing aangesien het. Die geweld en misdaad in die streek, veral sedert 1984, het mense ook meer vuurwapens as onder normale omstandighede laat aanskaf.

---

[42] Anon, "A formidable strike force", in *Iscor News*, 52(6), Junie 1987, p. 14; Vgl. ook K. Jochelson en F. Buntman, Shopping for war: an analysis of consumer militarism, in, J. Cock & L. Nathan (eds.), *War and society: The militarisation of South Africa*, p. 299.

[43] Anon, "Speelding help bejaardes", in *Vaalweekblad*, 12.04.1985.

[44] Anon, "Foto: Coert Reyneke kan so ampertjies die modelvoertuig bestuur...", in *Vaalweekblad*, 19.11.1985.

[45] Anon, "Ratel en Cheetah", in *Vaal Ster*, 07.11.1986.

[46] Anon, "Noodoperasie op seun (17): 'Bom' ontplof in sy hand", in *Vaalweekblad*, 22.11.1983.

### 13.4.1 WAPENVERKOPE

Die onrussituasie wat sedert 1976 in verskillende dele van die land geheers het, het 'n bepaalde uitwerking op wapenverkope in die Vaaldriehoek gehad. 'n Instrukteur by die Vaaldriehoekse Praktiese Skietklub, Manie Weber, het gemeen dat mense geneig is om in tye van onrus wapens en ammunisie te koop.[47] Die onluste van September 1984 het wapenverkope in die Vaaldriehoek laat toeneem. Die vraag na wapens was so groot dat handelaars nie meer in die voorsiening daarvan kon volhou nie. Een onderneming, Tugela-hardeware op Vanderbijlpark, het byvoorbeeld in vier dae meer ammunisie verkoop as wat hy andersins in 'n hele jaar verkoop het. By Décor Meubileerders op Vanderbijlpark en by 'n sportwinkel in Vereeniging het ammunisie-verkope in albei gevalle met 20 persent toegeneem.[48]

Die periodieke opflikkering van onluste na die voorgenoemde tydperk in die Vaaldriehoek het tot gevolg gehad dat wapenverkope verder toegeneem het. 'n Wapenhandelaar het die hernieude toeloop na wapenwinkels soos volg beskryf:

> Dit lyk asof 'n oorlog verwag word soos wat mense instroom om ammunisie en ander vuurwapen-toebehore te koop.[49]

Dit wil voorkom asof blankes voorsorg wou tref vir 'n moontlike mislukking van die onderhandelingsproses.[50] Aan die begin van die dekade negentig was daar gerugte in omloop dat blankes deur die regering ontwapen sou word. In die laaste week van Maart 1990 was feitlik alle vuurwapen-toebehore op Vanderbijlpark uitverkoop.[51] Een van die slagspreuke teen die beweerde voorneme was "'n Ongewapende witman is 'n dooie witman".[52] Leiers soos Eugene Terreblanche van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) het blankes

---

[47] Anon, "Instrument van die dood lê dikwels in die huis rond", in *Vaalweekblad*, 27.06.1980; Sien ook Hoofstuk 7, skietopleiding.


[48] Anon, "Groot aanvraag na wapens en ammunisie", in *Vaalweekblad*, 11.09.1984.

[49] Anon, Dit lyk soos oorlog", in *Vaalweekblad*, 30.03.1990.

[50] Anon, "Südafrika: Waffen ölen", in *Der Spiegel*, 16(44), 16 April 1990, p. 182.

[51] Anon, Dit lyk soos oorlog", in *Vaalweekblad*, 30.03.1990.

[52] J. Farr, "The great gun debate", in *Vaal Ster*, 10-14.02.1992.




Advertensie 8
Bron: *Vaal Ster*, 07.09.1984.

aangemoedig om hulle 'wapens te olie'.[53] Selfs die huiweriges het vuurwapens as gevolg van die voortslepende geweld in die swart woongebiede en die toenemende misdaadsituasie begin aanskaf.[54]

### 13.4.2 VREES VIR ONTPLOFFINGS

Telkens as mense rookwolke gesien of 'n harde slag gehoor het, het hulle aangeneem dat 'n bom iewers ontplof het. Die ontploffing by die gasverwerkingsaanleg op SASOL in April 1975, waar selfs vensters van die poskantoor en die OK op Sasolburg gebreek is, het mense onmiddellik laat aanneem dat daar 'n bomontploffing was.[55] Die noodsirene op Vanderbijlpark is vroeg in Januarie 1976 deur die burgerlike beskerming van die dorp geaktiveer. Die sirene is as deel van 'n oefening laat loei, om te kyk hoe mense in 'n noodsituasie sou optree. Die oefening het daartoe gelei dat bekommerde lede van die publiek die hoof van die burgerlike beskerming op Vanderbijlpark met telefoonoproepe oorval het.[56] Kort na die SASOL-aanslag van 1 Junie 1980 het inwoners van die Vaaldriehoek digte rookwolke oor Vereeniging gesien. Daar is onmiddellik aangeneem dat daar nog 'n aanslag iewers op 'n Vaaldriehoekse stellasie was. Die rook was egter afkomstig van oliedromme wat by die Sonlandpark stortingsterrein aan die brand gesteek is.[57]

Die Pretoria-bom van 20 Mei 1983 het meegebring dat verwag is dat 'n ontploffing ook in die Vaaldriehoek kon plaasvind.[58] Die onmiddellike gevolg van dié voorval was dat eienaars van sake-ondernemings in die Vaaldriehoek gereël

---

[53] Anon, "Südafrika: Waffen ölen", in *Der Spiegel*, 16(44), 16.04.1990, p. 182.


[54] Anon, "Gun sales take off as violence soars", in *Vaal Ster*, 01—01.02.1993.

[55] Anon, "Eye witnesses describe a scene of horror", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 18.04.1975.

[56] Anon, "Reaksie op noodsirene maak sy hart bly", in *Vaalweekblad*, 07.01.1977.

[57] Anon, "Digte rook laat talle mense wonder", in *Vaalweekblad*, 11.07.1980.

[58] Anon, "Angs ook hier na Pretoria-bom", in *Vaalweekblad*, 24.05.1983.



Illus. 100: Rook van 'n brandende teerput op Sasolburg het mense laat dink dat daar weer iewers sabotasie was.

Bron: Anon, "Swart kombers oor Vaal: Baie skrik toe teer brand", in *Vaalweekblad*, 14.06.1983.

het dat mense en hulle pakkies deursoek word.[59] Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat soos wat die Silverton-voorval die SASOL-aanslag vooraf gegaan het, die Pretoria-bom ook die voorspel van 'n volgende terreurdaad in die Vaaldriehoek sou wees. Ná die Pretoria- en Bloemfontein-bomme het die aantal bomdreigemente in die Vaaldriehoek toegeneem.[60]

'n Afvalteerput op Sasolburg het in Junie 1983 aan die brand geraak. Vlamme het die lug ingeskiet en digte rookwolke het oor die Vaaldriehoek gehang. Nuuskieriges het saamgedrom en mense se indruk was dat daar weer iewers sabotasie gepleeg is.[61] Ontploffings gedurende November 1984 het mense ook laat wonder wat aan die gebeur was. Die ontploffings was egter van die nuwe AMCOAL-oopgroefmyn afkomstig, ses kilometer van Drie Riviere aan die Vrystaatkant.[62] Vier ontploffings het op 26 en 27 Desember 1987 Vanderbijlpark geruk. Beangste inwoners het buite hulle huise op nog ontploffings gewag. Die ontploffings is veroorsaak toe yster by ISCOR in klam houers gegiet is.[63] 'n Weerligstraal wat in Januarie 1989 'n boom getref het, het mense ook laat dink dat 'n bom ontplof het.[64] In Desember 1989 het 'n vrag van 'n goederetrein op die hoofroete tussen Vereeniging en Johannesburg afgeval. Die ongeluk het veroorsaak dat sewe kragpale uit die grond geruk is. Vir verbygangers het dit egter gelyk asof daar 'n geweldige ontploffing langs die spoor was.[65] Die noodsirene van Vanderbijlpark het op 25 April 1990 sonder vooraf waarskuwing

[59] Anon,"So tussen ons Vaalpense en blikore: 'n Glimlag vir veiligheid", in *Vaalweekblad*, 03.06.1983.

[60] Anon, "Toename na Pretoria, Bloemfontein: Bom-stories: streng stappe", in *Vaalweekblad*, 10.06.1983.

[61] Anon, "Swart kombers oor Vaal: Baie skrik toe teer brand", in *Vaalweekblad*, 14.06.1983.

[62] Anon, "Ontploffings kom van nuwe myn", in *Vaalweekblad*, 07.12.1984.

[63] Anon, "Plofslag ruk dorp", in *Vaalweekblad*, 09.01.1987.

[64] Anon, "Bomaanval toe 'n boomaanval", *in Vaal Ster*, 16-20.01.1989.

[65] Anon, "Dit was 'n bom op die spoor meneer", in *Vaalweekblad*, 15.12.1989.

geloei. Binne 'n kort tyd is 635 navrae hanteer. Inwoners is aangesê om by die verskillende noodversorgingspunte aan te meld.[66]

'n Hoop buitebande het in Augustus 1991 in Vereeniging aan die brand geraak en mense laat wonder wat aan die gang was.[67] Nadat 'n verdagte pakkie opgemerk is, is Attie Fouriestraat op Vanderbijlpark op 24 Desember 1993 afgekordon. Snuffelhonde het plofstof geruik en die pakkie is daarna gedetoneer. Daar was egter slegs 'n gelaaide rewolwer in die pakkie.[68]

### 13.4.3 EMIGRASIE

Die geweldsituasie in die Vaaldriehoek het teen 1993 meegebring dat sommige mense die Vaaldriehoek begin verlaat het om hulle iewers in die buiteland te vestig. Prominente regses het ook begin planne maak om die land te verlaat. Die takbestuurder van die AWB in Vereeniging, dr. W. Janse van Rensburg, het sy perseel in Vereeniging verkoop en na Duitsland uitgewyk.[69] In 'n brief aan die *Vaal Ster* skryf S. Ettwein dat 'n *African National Congress* (ANC)-regering kapitaaluitvloei sou lei en dat blankes dan die land sou verlaat. Hy was van mening dat Suid-Afrika op pad was om 'n gewelddadige derdewêreldland te word.[70] Die plakkerprobleem in Weiler's Farm en Orange Farms het meegebring dat kleinhoewe-eienaars die gebied verlaat het. Van die mense het selfs die land verlaat.[71]

---

[66] Anon, "Navrae gons toe sirenes loei: Dorp is paraat" , in *Vaalweekblad*, 04.05.1990.

[67] Anon, "Foto: Die rooi vlamme van brandende bande op 'n hoewe buite Vereeniging", in *Vaal Ster*, 12-16.08.1991.

[68] Anon, " 'Bomb' in shop was a loaded gun", in *Vaal Ster*, 10-14.01.1994.

[69] Anon, "1994 will be a nightmare, predicts AWB member joining the 'chicken run' ", in *Vaal Ster*, 08-12.11.1993.

[70] S. Ettwein, "Brief: SA destined to become a violent third world state?", in *Vaal Ster*, 07-11.02.1994.

[71] Anon, "Whites flee violent Vaal Triangle", in *Vaal Ster*, 21-25.02.1994.

## 13.5 DIE TRAUMATIESE IMPAK VAN MILITÊRE AKTIWITEITE

In 'n artikel in die *Paratus* van Desember 1981 is aangevoer dat dit nie verkeerd is om in oorlogsituasies dood te maak nie. Die soldaat het die plig gehad om die land teen aggressie te beskerm.[72] Die feit dat soldate in swart woongebiede aan ander omstandighede blootgestel is, het ook geestelike letsels gelaat.[73]

### 13.5.1 POSTTRAUMATIESE STRES

Indien 'n persoon nie sy ervaring deur 'n proses van verwerking te bowe kan kom nie, kan hy in 'n chroniese toestand verval wat as post- traumatiese stres bekend staan.[74] Psigiatriese gevalle is in die Eerste Wêreldoorlog as 'bomskok' gediagnoseer.[75] Gevegservarings en spanning was in die grens-era vir sogenaamde bomskok verantwoordelik.[76] Die geluide van moderne wapens soos tenks en ontploffende bomme kan ook lank na 'n traumatiese ervaring iemand bybly.[77] Sommige oudsoldate vind dit vandag moeilik om van oorlogsherinneringe ontslae te raak.[78] Daar is ook sielkundige nagevolge van posttraumatiese stres.[79] Nagmerries, spanning, geheueverlies, aggressie, onttrekking en moeilike interpersoonlike verhoudinge is simptome van posttraumatiese stres.[80] Take in die beroepsituasie word nie behoorlik uitgevoer

---

[72] Anon, "Godsdiensrubriek: Doodmaak in oorlog nie verkeerd nie", *Paratus*, 32(12), Desember 1981, p. 94.

[73] W. Wiese, "Van oorlog na onlus – impak op die soldaat", *Paratus*, 43(10), Oktober 1992, p. 30.

[74] P. Metlerkamp, "Aktueel: Trauma 1 - Dooies begrawe ons, maar wat van dié wat bly lewe?", *Insig*, April 1994, p. 20.

[75] Anon, "Fear...and the soldier", *Paratus*, 32(8), Augustus 1981, p. 42.

[76] L. Gouws, "Bomskok: SAGD weet presies hoe om dit te hanteer", *Paratus*, 27(3), Maart 1976, p. 4.

[77] J.M.W. Binneveld, "Militaire psychiatrie", *Militaire spectator*, 162(3), 1993, p. 129; Vgl. MAV, p. 42. 21121999, Bergh, J., (31) Rothdene.

[78] Vgl. MAV, p. 42. 21121999, Bergh, J., (31) Rothdene.

[79] E. M. Meyers, "Aanpassingsprobleme in die militêre probleme", *Paratus*, 33(6), Junie 1982, p. 56.

[80] TRC, *Volume four: Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Juta, 1998), p. 237.

nie, terwyl liggaamlike en geestelike gesondheid daaronder ly.[81] Baie oudsoldate het hulle ook nie vir behandeling aangemeld nie.[82] Daar is aangeneem dat 'n betekenisvolle aantal Suid-Afrikaanse soldate tot aan die begin van die 21ste eeu nog aan die toestand gely het.[83] Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat ook burgerlikes, veral swart kinders, ook slagoffers van posttraumatiese stres was.[84]

### 13.5.2 TRAUMATIESE ERVARINGS VAN VAALDRIEHOEKSE SOLDATE

Enkele aannames oor gevalle van gevegsituasies waarin Vaaldriehoekse soldate betrokke was en wat posttraumatiese stres kon veroorsaak, verdien toeligting. Johan Broderick van Sonlandpark was in 1979 in 'n landmynvoorval in Angola betrokke. Hy het vertel hoedat hulle Buffel-voertuig die landmyn afgetrap het. Daarna het hy deur die lug getrek en is in die daaropvolgende geveg agt keer gewond. Sy regterarm is erg deur die ontploffing beseer. In die voorval is twee ander soldate vermink en nog twee gedood. Ná die voorval het hy gereeld gedroom dat hy in die veld geloop en op 'n landmyn getrap het. Die gebeure het lank daarna nog by hom gespook. Hy het geen behoorlike sielkundige behandeling ontvang nie.[85]

'n Aantal soldate uit die Vaaldriehoek het konvensionele oorlogvoering ervaar. Hulle was in die gevegte van einde 1987 en begin 1988 in Angola betrokke.[86]

---

[81] R.W. Jacobs, Stress, het operationele optreden en psychologische ondersteuning", *Militaire spectator*, 162(6), 1993, p. 254.

[82] Anon, "Battlefield stress: South Africa's low percentage of this type of casualty", *Armed Forces*, November 1993, p. 25.

[83] TRC, *Volume four: Truth and reconciliation commission of South Africa report,* p. 237; L. Klesouw, "Die stres van soldate is ook oop wonde", *Insig*, Augustus, 1988, p. 55; Vgl.ook M. Roos, "As vrees 'n troepie laat knak", *Huisgenoot*, nr.3542, 25 Augustus 1988, p. 22.

[84] TRC, *Volume four: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 269.

[85] MAV, p. 236, 10012001, Broderick, J.C., (50), Sonlandpark.

[86] Vgl. W. Steenkamp, *Suid-Afrika se grensoorlog 1966-1989* (Rivonia, Ashanti, 1990), pp. 155,156.

Beide lt. Jan Bergh en o.kpl. Deon Ferreira was lede van 61 Gemeganiseerde Brigade, alhoewel in verskillende kompanies. Sersant Neels Smit was 'n mediese ordonnans verbonde aan 'n burgermageenheid.[87] Van die traumatiese ervaringe wat lt. Bergh beleef het, was toe hulle op 14 Februarie 1988 'n aanval geloods het. Die Ratels en tenks van die brigade was in 'n pantsergeveg betrokke. In die geveg is drie Ratels vernietig. Luitenant Bergh het vertel hoe hy tydens die geveg gesien het dat 'n vyandelike T55-tenk, wat die Suid-Afrikaanse pantser-formasie binnegesluip het, se toringdeksel oopgaan en die bevelvoerder uitkyk. Hy het onthou hoedat die vyandelike bevelvoerder deur 'n Ratel se masjiengeweer in die gesig getref is.[88] Op 27 Junie 1988 het hulle in 'n sterk vyandelike mag vasgeloop. In die daaropvolgende geveg het lt. Mike Meiring gesneuwel toe hy deur 'n RPG-7 getref is. Luitenant Bergh moes die lyk van lt. Meiring uit die verwoeste Ratel gaan haal.[89]

Luitenant Bergh, sers.Smit en o.kpl. Ferreira het die aanval op Calueque op 27 Junie 1988 beleef, toe die terugtrekkende Suid-Afrikaanse magte met MIG 23-vegvliegtuie aangeval is. Sersant Smit het vertel hoe 'n Suid-Afrikaanse veggroep 'n Kubaanse brigade aangeval het. Die MIG 23 het Suid-Afrikaanse stellings en troepebewegings op Calueque drie keer agtereenvolgens aangeval. Buffel-troepedraers het van oral gewondes gebring. Sersant Smit was betrokke by die oorlaai van gewondes in Rinkhals-ambulansvoertuie en het gehelp met die stabilisering van gewondes.[90] Onderkorporaal Ferreira het onthou hoe hulle in digte bosse in 'n geveg met vyandelike tenks betrokke was. In die geveg het lt. D. McCullum van Vereeniging gesneuwel.[91]

[87] Vgl. Dagboek van J.C. Bergh.

[88] MAV, p. 44, 21121999, Bergh, J.C., (31) Rothdene.

[89] MAV, p. 44, 21121999, Bergh, J.C., (31) Rothdene; Vgl. ook dagboek van J.C. Bergh.

[90] MAV, p. 31, 15122000, Smit, N.C., (36) Sonlandpark.

[91] MAV, p. 34, 17121999, Ferreira, D., (33) Drie Riviere.

Onder korporaal Ferreira was van mening dat die wedervaringe van 1988 'n impak op sy latere lewe gehad het, en dat hy nog steeds nagmerries kry.[92] Luitenant Bergh het vertel dat hy 12 jaar later snags weer alles herleef en soms angsbevange wakker word.[93] In daardie stadium het soldate onmiddellik nadat hulle van die front onttrek is, wel sielkundige berading ontvang.[94] Die onafhanklikheidswording van Namibië in 1989 was traumaties vir lojale swart Suid-Afrikaanse soldate wat daar gewoon het. Hulle is gedwing om saam met die Suid-Afrikaanse magte na Suid-Afrika uit te wyk. Gevegservarings het ook op hulle 'n uitwerking gehad.[95] Swart soldate wat die gevegte van 1987 en 1988 in Angola meegemaak het, het hulle later in die Vaaldriehoek kom vestig. Skutters Dala Jose en Johannes Kasanga was teenwoordig toe kapt. McCullum gesneuwel het. Hulle het ook deelgeneem aan Operasie Modulêr wat konvensionele oorlogvoering behels het.[96]

Een van die stigterslede van 1 Verkenningskommando, AO1 P. W. van Heerden, het nadat hy met pensioen gegaan het, hom op sy hoewe naby die Barrage gevestig.[97] As gevolg van sy wedervaringe in die bos, het hy eienaardige gewoontes gehad. Hy het byvoorbeeld in die nag saam met sy hond buite geslaap. Dit het spanning tussen hom en sy familie veroorsaak. Hy is later in sy slaap oorlede.[98] Polisiepersoneel wat destyds feitlik daagliks met onluste te doen gekry het, het ook geestelike letsels oorgehou.[99]

---

[92] MAV, p. 34, 17121999, Ferreira, D., (33) Drie Riviere.

[93] MAV, p. 41, 21121999, Bergh, J.C., (32) Rothdene.

[94] Ibid.

[95] MAV, p. 140, 16042000, Zaime, M., (32). Vereeniging; MAV, pp. 142, 143, 18062000, Jose, D., (28) en Kasanga, J., (28), Vereeniging.

[96] MAV, p. 142, 18062000, Jose, D., (32) en Kasanga, J., (32) Vereeniging; MAV, p. 140, 16062000, Zaime, M., (32) Vereeniging.

[97] Vgl. P. Els, *We fear naught but God: The story of the South African special forces* (Roodepoort, Covos-day, 2000), p. 15.

[98] MAV, p. 234. 10012001, Van Heerden, J. J., (46) Vereeniging.

[99] Vgl. C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes* (Kaapstad, Human en Rousseau, 2001), p. 43.

Jare na die grensoorlog het briewe van voormalige soldate vanuit verskillende streke in populêre tydskrifte verskyn waarin hulle hul gevoelens oor die impak van gebeure van destyds deel. 'n Onbekende briefskrywer het byvoorbeeld in Julie 1998 aan die *Huisgenoot* geskryf:

> Ek glo 'n groot persentasie van vandag se mans wat in die sewentigs tot die negentigs by weermagopleiding en grensdiens betrokke was, ly aan depressie. Ook dat dit deels die oorsaak is van die hoë egskeidingsyfer, drankmisbruik en gesinsgeweld...Ons mans was in kontak op die grens en tot stilswye gedwing. Hoeveel van hulle ly vandag aan depressie en wat kan ons daaraan doen?[100]

Na aanleiding van onderhoude wat gevoer is, kon afgelei word dat ook Vaaldriehoekers nog aan die navolge van gevegsituasies ly. Nagmeries, angsaanvalle, drankmisbruik en egskeidings is van die nagevolge waarmee Vaaldriehoekers jare na militêre diens te kampe het.

### 13.5.3 TRAUMATIESE IMPAK VAN GESNEUWELDES

Die omstandighede waaronder soldate gesneuwel het, het ook sielkundige letsels op hulle naasbestaandes gelaat. Die ouers van Bennie Jordaan het vertel dat die weermag nooit gemeld het wat met hulle seun gebeur het nie, behalwe dat hy en nog drie soldate in Augustus 1979 in 'n landmynontploffing dood is. Volgens die vader van Bennie moes hy by verskillende gedenkdienste die voorval waarin sy seun dood is, rekonstrueer. Hy het verneem dat sy seun aan stukke geskiet is. Mevrou Jordaan het gemeen dat die doodstyding van hulle seun selfs, ná 20 jaar, nog onwerklik was en dat sy hom in haar onderbewuste enige dag terugverwag het.[101]

Die ouers van Andrew Ross het vertel hoe die dood van hulle seun 'n impak op hulle lewens gehad het. Mevrou I. E. Ross het na die dood van hulle seun aan

---

[100] Anon, "Brief: Bekommerd: KwaZulu-Natal", *Huisgenoot*, 56(4049), 9 Julie 1998, p. 4.

[101] MAV, p. 25, 23121999, Jordaan, C.J., mnr. (73) en Jordaan,C. J., mev. (73) Sonlandpark.

depressie gely. Andrew se vader het na die doodstyding van sy seun gemeen dat God 'n leuenaar is en was hy van mening dat die weermag nie die volle waarheid rakende die omstandighede van sy seun se dood bekend gemaak het nie. Hulle oorlewende seun het gemeen dat sy broer se dood ook op hom 'n impak gehad het. Sy broer se perd, William, is byvoorbeeld na hom vernoem en in die laaste geveg is die perd ook gedood. Alhoewel albei ouers hulle seun se dood verwerk het, was hulle van mening dat sy dood nog onwerklik gevoel het en dat hulle soms geglo het dat hy enige oomblik kan terugkom.[102]

Vir die vader en moeder van Sandy Sadler was die dood van hulle seun ook traumaties. Meneer M. I. Sadler het gemeen dat die weermag nie die waarheid omtrent die omstandighede van hulle seun se dood vertel het nie. Mevrou Sadler het vertel dat sy twee jaar na haar seun se dood nog geglo het dat hy huis toe sou kom. Sy het daarna vier senuwee-ineenstortings gehad. Wat die gesin nie kon verstaan nie, was dat hulle meelewend in hulle kerk was en daarom het die moeder dit as onregverdig beskou dat juis haar seun moes sneuwel.[103]

Die moeder van Pieter Taylor het vertel dat sy nie die dood van haar seun kon verwerk nie. Sy was so verbitterd dat sy haar daarin verlekker het as ander soldate gesneuwel het omdat hulle ouers dan kwansuis sou geweet het hoe dit voel. Haar houding het verander nadat die moeder van 'n tweeling wat gesneuwel het aan haar 'n briefie geskryf het waarin sy vertel het dat sy darem nog die voorreg gehad het om haar seun lewend te kon sien. Die dood van Pieter Taylor het egter op sy jonger broer, Elrich, ook 'n uitwerking gehad. Omdat sy ouers nie emosie getoon het by die afsterwe van Pieter nie, het Elrich gemeen dat sy broer so groot en sterk was dat hy selfs 'n paar dae ná die vliegtuigongeluk geleef het. Hy was egter oortuig dat sy ouers nie oor hom sou huil indien hy eendag sou sterf nie. Die seun se skoolwerk het as gevolg daarvan agteruit begin gaan. Dit was eers na die hulp van 'n sielkundige aan moeder en

[102] MAV, p. 54, 17012000, Ross W.M., mnr. (64). en Ross I.E., mev. (59) Sasolburg.

[103] MAV, p. 130, 09052000, Sadler, T.H.N., mnr. (58) en Sadler, M.I., mev. (52), Sasolburg.

seun dat die lewe vir hulle genormaliseer is.[104] Na die voorval waarin kpl. Petrie Viljoen in Mosambiek doodgeskiet is, is sy lyk in Maputo ten toon gestel. Dit kon ook op sy naasbestaandes 'n traumatiese uitwerking gehad het.[105]

### 13.5.4 TRAUMATIESE ERVARINGS VAN BURGERLIKES

Burgerlikes was soms die slagoffers van terreurdade. Mejuffrou Eleonor Patterton van Vereeninging het in 1978 as elfjarige saam met haar ouers na Katima Mulilo verhuis, waar haar vader sekretaris van justisie vir die Caprivi was. Daar het sy die aanval van 23 Augustus 1978 meegemaak. Sy het later onthou hoedat sy wakker geword het van wat sy aanvanklik gedink het donderweer was. Toe sy opstaan, het haar ouers reeds die huis ontruim en het sy gedink sy is heeltemal alleen. Toe sy na buite kyk, het sy die vuurpyle deur die lug sien trek en hulle hoor ontplof. Die angs van die nagtelike aanval en die feit dat skoolmaats die volgende oggend aan haar vertel het dat hulle na die kasernes moes gaan kyk, want daar het nog stukke mensvleis aan die boomtakke gehang, het 'n diep indruk op haar gemaak.[106] Tien Suid-Afrikaanse soldate het in die aanval gesterf.[107] Jare later het sy vir 'n vriendin in Potchefstroom gaan kuier toe iemand in dieselfde huis selfmoord probeer pleeg het deur 'n gasbottel oop te draai. Die man het vir oulaas 'n sigaret aangesteek waarop die gas in die vertrek ontplof het. Die geweldige plofslag het vir mej. Patterton weer die gebeure laat herleef.[108]

Die onluste sedert 1984 het 'n uitwerking op swart jeugdiges gehad. Hulle het die oproerige skares in die strate gesien en het bygestaan toe mense vermoor en

---

104 MAV, p. 123, 03052000, Taylor, F.P., mnr. (65) en Taylor E. A.,mev. (61) Meyerton,

105 Anon, "Suider-Afrika: Dood in grensvoorval", Burger, 20.03.1981, in *SA Oorsig*, 27 Maart 1981, p. 18.

106; Vgl. ook Anon, "Katima Mulilo: Proof that we can take it", *Paratus*, 30(10), Oktober 1980, p. 8.

107 Anon, "Verraderlike Swapo-aanval herdenk", *Paratus*, 32(11), November 1980, p. 55.

108 MAV, p. 64, 25 012000, Patterton, E., (34) Risiville.

verbrand is.[109] Vir die behandeling van burgerlike slagoffers van swart geweld is daar ook voorsiening gemaak. Die Wits Traumakliniek is as 'n model vir die res van die land voorgehou. Personeel en studente verbonde aan die Universiteit van die Witwatersrand het onder andere met swart kinders gewerk wat die geweld van 1985 en 1986 in die Vaaldriehoek beleef het.[110]

## 13.6 MILITÊRE ONGEVALLE

Dit is destyds as 'n eer beskou om vir volk en vaderland te sneuwel in die stryd teen terrorisme. Professor S. P. van der Walt van die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) het in sy geloftefeesrede in Desember 1975 op Vanderbijlpark gesê:

> Nuusberigte van jong mans wat deesdae dikwels op die slagveld sneuwel, moet Suid-Afrikaners meer gedetermineerd maak om hul volksroeping te vervul. [111]

Na die eerste gevegte in Angola het die Volksraad sy meegevoel met die naasbestaandes van die gesneuweldes betuig.[112] Die destydse kapelaan-generaal van die weermag, genl. maj. J. A. van Zyl, het gemeen dat soldate nie tevergeefs gesneuwel het nie en dat mense dankbaar moes wees vir die offers van die oorlog. Hulle moes trots daarop wees dat hulle hul lewe kon gee vir die allerheiligste dinge wat vir die toekoms bewaar moes word.[113]

---

[109] MAV. p. 239, 13012001, Seepe, M.J., (27) en Rafube, P.D., (27) Vereeniging.

[110] P. Metelerkamp, "Aktueel: Trauma 1 - Dooies begrawe ons, maar wat van dié wat bly lewe?", *Insig*, April 1994, p.21; M. Marks & P. Mckenzie, Militarised youth in South Africa: political pawns or social agents, in J. Cock & P. Mckenzie, *From defence to development: redirecting military resources in South Africa*, p. 231.

[111] Anon, "Afrikanervolk mag nie sy roeping prysgee", in *Vaalweekblad*, 19.12.1975.

[112] DDD, Pretoria, 73 brigade hk, Groep 1, Houer 3, Lêer A/ADM/2/8, Special orders, Eenheidsorder deel 1 nr. 3/76, Van genl.maj. A.J. van Deventer, bevelvoerende generaal 1 SA Korps.

[113] J. A. van Zyl, "Ons godsdiensrubriek: Ons gesneuweldes: Beslis nie tevergeefs nie", *Paratus*, 31(8), Augustus 1980, p. 6.

’n Hele aantal soldate en polisiemanne wat van die Vaaldriehoek afkomstig was, het tussen 1974 en 1994 gesneuwel. ’n Aantal soldate is ook gewond. Gesneuwelde soldate en polisiemanne is normaalweg in die heldeakkers van die onderskeie dorpe begrawe.

### 13.6.1 GESNEUWELDES

Die eerste Vaaldriehoeker wat gesneuwel het in die tydperk wat deur hierdie studie gedek word, was konstabel Louis Buys van Staatsdorp in Vereeniging. Hy het in 1974 in ’n geveg met terroriste op die Rhodesiese grens gesneuwel.[114] Hy is met volle militêre eerbewys begrawe. ’n Aantal hooggeplaastes van die polisie, soos die kommissaris van polisie, genl. Theo Gouws, die distrikskommandant in die Vaaldriehoek, kol. J. G. Bender, en die lid van die volksraad (LV) vir Vereeniging, F. W. de Klerk, het die begrafnis bygewoon.[115]

Die militêre betrokkenheid in Angola sedert 1975 het ’n toename in ongevalle meegebring. Die negentienjarige Diederick Vorster van Rothdene het op 19 Junie 1975 op Oshakati gesterf. Hy is ook met volle militêre eer begrawe.[116] Die twintigjarige o.kpl. W. C. Swanepoel het op 24 Maart 1976 gesneuwel. Hy is met volle militêre eer, in wat beskryf is as een van die grootste begrafnisse tot in daardie stadium op Vanderbijlpark, begrawe.[117] Die twintigjarige sktr. Francois Oosthuizen is in Februarie 1977 in ’n skietongeluk op die grens oorlede. Hy is met volle militêre eer vanuit die NG Kerk op Meyerton begrawe.[118] Op 8 Maart

---

[114] Suid-Afrikaanse Polisieargiefbewaarplek (SAPAB), Pretoria, Bekamping van terrorisme: Lede van die Suid-Afrikaanse Polisie op diens dood, 6-5/8, 3620.

[115] Anon, “Foto: ... Talle hooggeplaasde persone wat die begrafnis van wyle konstabel Louis Buys op Vereeniging bygewoon het”, in *Vaalweekblad*, 11.10.1974.

[116] Anon., “Full military honours for Rothdene Serviceman”, in *Vereeniging & Vanderbijlpark news*, 04.07.1975; Vgl. ook W. C. Gouws, *Meyerton na honderd jaar: Feesblad van die stadsraad van Meyerton 1891/92 – 1991/92* (Meyerton, Meyerton stadsraad, 1992), p. 115.

[117] Anon, “Smart by soldaat se graf”, in *Vaalweekblad*, 02.04.1976; Anon, “Skillie se ere-medalje”, in *Vaalweekblad*, 15.10.1976.

[118] Anon, “Grensman op Meyerton begrawe”, in *Vaalweekblad*, 25.02.1977; Vgl. ook W. C. Gouws, *Meyerton na honderd jaar...*, p. 115.

1977 is kpl. A. L. Pelser in 'n handgranaatontploffing op die grens dood.[119] Aan die einde van Oktober 1977 het sktr. L. J. Oberholzer in 'n landmynontploffing op die grens gesneuwel. Die voorval het 'n maand na sy troue plaasgevind. Hy is op Sasolburg met volle militêre eer begrawe.[120] In Maart 1979 is o.kpl. J.H.C. Mosterd op die grens in 'n skietvoorval oorlede.[121]

Die eerste soldaat wat in die heldeakker by die Jacobskop-begraafplaas in Vereeniging begrawe is, was sktr. Bennie Jordaan. Hy het saam met vier ander soldate in Augustus 1979 in 'n landmynontploffing op die grens gesterf.[122] Die tweelingbroer van landdros J. N. Pietersen van Vanderbijlpark, sers. J. P. H. Pietersen van Kaapstad, het in Junie 1979 in 'n skermutseling met terroriste gesneuwel.[123] 'n Vrou van Vanderbijlpark, mev. Johanna Kleynhans, se broer is destyds in Rhodesië doodgeskiet terwyl hy as burgerlike water aan Rhodesiese grenssoldate verskaf het.[124]

'n Vakleerling van ISCOR, sktr. Flip Maritz, wat met sy nasionale diensplig besig was, het op 19 Januarie 1980 gesterf nadat hy op 18 Januarie gewond is. Hy is op 24 Januarie 1980 met volle militêre eer uit die NG Kerk Vanderbijlpark-Noord begrawe.[125] Op 26 Februarie van dieslfde jaar het ook sktr. A.C. van Niekerk in 'n skermutseling met terroriste gesneuwel.[126] Vroeg in Maart 1980 het Kobus Maass, 'n jong kraandrywer van ISCOR wat met 'n grenskamp besig was,

[119] Anon, "Soldier dies in accident", in *Star*, 11.03.1977.

[120] Anon, "Skutter het soos held gesterf", in *Vaalweekblad*, 04.11.1977.

[121] Anon, "Foto: Die sterflike oorskot van onder-korporaal J.H.C Mosterd word na die graf gedra", in *Vaalweekblad*, 09.03.1979; Anon, "Sterf aan grens", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979; Anon, "Pro Patria na sy dood", in *Vaalweekblad*, 11.12. 1979.

[122] Anon, "Sterf op grens: Bennie Donderdag begrawe", in *Vaalweekblad*, 21.08.1979; Anon, "Eerste graf in helde-akker", in *Vaalweekblad*, 31.08.1979; Vgl. ook MAV, p. 44. 23121999, Jordaan, C.J., mnr. (73) en Jordaan, C.J., mev. (73) Sonlandpark.

[123] Anon, "Tweelingbroer van landdros sterf aan grens", in *Vaalweekblad*, 22.06.1979.

[124] Anon, "Haar broer deur terro's doodgeskiet', in *Vaalweekblad*, 06.03.1979.

[125] Anon, "Flip(19) sterf na skermutseling", in *Vaalweekblad*, 25.01.1980; Anon, "In gietende reën word die oorskot van skutter Flip Maritz ... op die kanon gelaai...", in *Vaalweekblad*, 05.02.1980.

[126] Anon, "Vader (26) sterf aan grens", in *Vaalweekblad*, 04.03.1980.

gesneuwel.[127] Die twintigjarige lt. Flippie Oosthuizen het ook in Maart 1980 in 'n skermutseling met terroriste gesneuwel. Hy is met volle militêre eer vanuit die NG Moedergemeente in Vereeniging begrawe.[128]

Op 19 April 1980 is 'n gewese Suid-Tranvaalse junior bokskampioen, Jacobus Koekemoer, in 'n ontploffing op die grens oorlede.[129] Minder as twee maande voordat hy sy twee jaar diensplig sou voltooi, het ook sktr. Derek van den Bergh in 'n skermutseling met terroriste gesneuwel en is hy in die heldeakker in Vereeniging begrawe.[130] In die middel van Junie 1980 het ook sktr. Kobus van den Bergh in 'n skermutseling met terroriste gesneuwel.[131] 'n Inwoner van De Deur, kpl. Petrie van Deventer, is op 17 Maart 1981 op die grens met Mosambiek deur Mosambiekse soldate doodgeskiet. Hy was lid van 'n patrollie wat langs die kus opbeweeg het en onbewustelik die grens oorgesteek het.[132] Hy is met volle militêre eer uit die NG Kerk De Deur begrawe.[133] Luitenant Pieter Taylor van Meyerton is aan die einde van Mei 1981 in 'n vliegtuigongeluk op die grens oorlede.[134] Die negentienjarige sktr. Marius Stapelberg van Sasolburg het op 25 Augustus 1981 aan die grens gesneuwel.[135] Skutter Andrew Ross van Sasolburg

---

[127] Anon, "Kobus (24) sterf ook aan grens", in *Vaalweekblad*, 11.03.1980.

[128] Anon, "Laaste eer aan makker", in *Vaalweekblad*, 25.03.1980; Anon, "Military funeral for terrorist victim Flippie Oosthuizen", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.03.1980.

[129] Anon, "Bokskampioen aan grens dood", in *Vaalweekblad*, 25.04.1980.

[130] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Deelname aan militêre funksies – militêre parades – militêre begrafnisse, Spesiale kommandementsorder nr. 122/80: Begrafnis: Wyle 74310210BG sktr. D. van den Bergh, 14.05.1980.

[131] Anon, "Geen nuus is goeie nuus ...: Toe hoor ouers seun is dood", in *Vaalweekblad*, 24.06.1980; Anon, "Foto: Kobus is twee weke gelede in 'n skermutseling aan die grens oorlede", in *Vaalweekblad*, 01.07.1980.

[132] Anon, "Suider-Afrika: Grensvoorval", *SA Oorsig*, 27 Maart 1981, p. 8.

[133] Anon, "Petrie was 'n taai soldaat", in *Vaalweekblad*, 24.03.1981; Anon, "Foto: ...kpl. Petrie van Deventer is Vrydag met volle militêre eer vanuit die NG-Kerk De Deur begrawe", in *Vaalweekblad*, 14.04.1981.

[134] Anon, "Wyle luit. Pieter Taylor van Meyerton se stoflike oorskot word hier na die begraafplaas vervoer", in *Vaalweekblad*, 12.06.1981; Vgl. W. C. Gouws, *Meyerton na honderd jaar...*, p. 115.

[135] Anon, "Dienspligtige sterf", in *Vaalweekblad*, 01.09.1981.

het op 25 April 1983 op die grens gesneuwel.[136] Die voorval het plaasgevind na 'n geveg met terroriste by Okatope. Tydens die geveg is die meeste van die perde ook deur vyandelike vuur gedood. In die tydperk wat die berede soldate op vervoer gewag het, het 'n granaat ontplof en is skutter Ross gedood.[137] Die vyf en twintigjarige sktr. Dawid Ward van Hartzenbergfontein het in Maart 1984 op die grens gesneuwel.[138] Op 2 Maart 1984 het sktr. Hennie van der Merwe van die Vanderbijlpark Kommando op die grens vermis geraak.[139]

Sedert die September 1984 onluste is die weermag ook in swart woongebiede operasioneel ontplooi en van toe af was daar ook binnelandse militêre ongevalle as gevolg van die operasionele gebied wat tot in die hart van die land verskuif het. Die eerste militêre ongeval in 'n swart woongebied was Pieter Theron van Henley-on-Klip, wat in Mei 1985 in Katlehong in 'n padongeluk dood is.[140]

In die laaste week van Januarie 1986 is kpl. Pieter Smith van Vanderbijlpark in 'n mortierbomontploffing op die grens dood.[141] In Augustus 1986 het nog 'n soldaat uit die Vaaldriehoek in 'n swart woonbuurt gesneuwel. Skutter Martin Botes het aan diens in Soweto gesterf toe 'n geweer wat langs hom gestaan het, omgeval en 'n skoot afgegaan het.[142] Luitenant Mike Dreyer van Vanderbijlpark het op 8 Januarie 1987 in 'n skermutseling met terroriste gesneuwel.[143] 'n Koevoetlid, konstabel Chris Momberg, het op 25 Februarie 1987 beswyk aan wonde wat hy

136 Anon, "Foto: Die twintigjarige Andrew Ross van Sasolburg ... is op 25 April aan die grens oorlede", in *Vaalweekblad*, 16.03.1983.

137 MAV, p. 54. 17012000, Ross, W.M., mnr. (64) en Ross, I.E., mev. (59) Sasolburg.

138 Anon, "Killed in action", in *Vaalweekblad*, 16.03.1984.

139 Anon, "Vermiste leef, glo familie", in *Vaalweekblad*, 20.04.1984.

140 Anon, "Soldaat dood in swart dorp", in *Vaalweekblad*, 17.05.1985.

141 Anon, "Foto: Korporaal Pieter Smith ... is Dinsdagoggend ... begrawe", in *Vaalweekblad*, 31.01.1986.

142 Anon, "Ouers is nie kwaad nie", in *Vaalweekblad*, 27.06.1986.

143 Anon, "Luit. Mike Dreyer op grens dood", in *Vaalweekblad*, 16.01.1987; Anon, "Vanderbijlparker begrawe na grensdood", in *Vaalweekblad*, 16.01.1987.

tydens 'n skermutseling opgedoen het.[144] Kaptein Mike McCullum van Peacehaven het in September 1987 gesneuwel toe 'n 'pantservuis' (RPG-7 vuurpyl) die militêre voertuig getref het waarin hy en ander soldate gery het en wat vol met ammunisie gelaai was.[145] Die negentienjarige sktr. Sandy Sadler van Sasolburg het op 29 November 1987 gesneuwel toe hy in Angola besig was om voorrade na Suid-Afrikaanse soldate te bring.[146] Jacques de Lange van Debonairpark, De Deur, het in Februarie 1988 gesneuwel. Hy en drie ander soldate het in Suid-Angola in 'n bomontploffing omgekom.[147] Op 27 Junie 1988 het lt. Meiring van Meyerton in Angola gesneuwel.[148] Adjudant-offisier Petrus Jooste is in Maart 1990 deur 'n spies in die bors gedood deur teenstanders van Inkatha in Sebokeng.[149] Onderkorporaal Adrian Juszkiewicz het in September 1991 gesterf toe hy en ander soldate besig was om iewers in die Oos-Transvaal (nou Mpumalanga) 'n veldbrand te blus.[150] Konstabel Piet Gouws het op 31 Maart 1994 in 'n hinderlaag in Orange Farms gesterf.[151] Konstabel Craig Pascoe het op 28 Maart in die Shell House-skietery gesterf.[152]

Afgesien van soldate wat in die operasionele gebied gesterf het, was daar ook 'n hele aantal soldate en polisiemanne uit die Vaaldriehoek wat tydens hulle

---

[144] Anon, "Die militêre begrafnis van Chris Momberg ....", in *Vaalweekblad*, 06.03.1987; MAV, p. 126. 04052000, Momberg, H.M.E., (61) Vanderbijlpark.

[145] Anon, "Op grens dood", in *Vaalweekblad*, 25.09.1987; Vgl. MAV, p. 35. 17121999, Ferreira, D., (33 ) Drie Riviere.

[146] Anon, "Dienspligtige sterf week voor uitklaring", in *Vaalweekblad*, 11.12.1987; MAV, p. 130. 09052000, Sadler, T.H.N., (58) Sadler, M.I. Sadler., (52) Sasolburg.

[147] Anon, "Jong man sterf aan grens", in *Vaalweekblad*, 26.02.1988.

[148] MAV, p. 42. 21121999, Bergh, J.C., (31) Rothdene; Dagboek van J.C. Bergh, 27.06.1988; MAV, p. 32. 15121999, Smit, N.C., (37) Sonlandpark.

[149] B. Taylor, "Dorpe brand in wraakgeveg", in *Beeld*, 24.03.1990.


[150] Anon, "Dienspligtige dood in veldbrand", in *Vaalweekblad*, 20.09.1991.

[151] MAV, p. 193. 27072000, Gouws, B. J., (56) Gouws, S.M.D., (55) Sonlandpark.

[152] MAV, p. 132. 09052000, Sadler, T.H.N., (58) Sadler, M.I. Sadler., (52) Sasolburg.

# LEDE VAN VAALDRIEHOEKSE VEILIGHEIDSMAGTE OORLEDE AAN DIENS


**PERIODE: 1974 -1994**




Tabel 2

## LEDE VAN VERSKILLENDE DELE VAN DIE VEILIHEIDSMAGTE OORLEDE IN OPERASIONELE OMSTANDIGHEDE

**PERIODE: 1974 -1994**




Tabel 3

dienstydperk in motorongelukke, vliegongelukke en as gevolg van siekte oorlede is of wat selfs vermoor is. Die betrokke soldate en polisiemanne is ook gewoonlik met militêre eer begrawe.[153]

### 13.6.2 GEWONDES

Verskeie Vaaldriehoekers is tydens grensdiens om die een of ander rede gehospitaliseer. Twee lede van die Sasolburg Kommando is tydens die grenskamp van 1977 in 'n landmynvoorval beseer.[154] George Hunter is in 1977 met malaria in 'n grenshospitaal opgeneem.[155] Johan Broderick is in 1979 ernstig in 'n landmynontploffing beseer.[156] Lede van die Vaaldriehoekse militêre

---

[153] Vgl. Anon, "Full military honours for army trainees", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.03.1975. Anon, "Jongman het homself met geweer geskiet", in *Vaalweekblad*, 04.04.1975; Anon, "Weerman sterf aan siekte", in *Vaalweekblad*, 20.04.1979; Anon, "17-jarige vertel van soldaat se mesdood: Twee Indiërs voor op moordklag", in *Vaalweekblad*, 20.04.1979; Anon, "Militêre begrafnis vir twee vriende", in *Vaalweekblad*, 21.03.1975; Anon, "Dienspligtige sterf in ongeluk: Hier begrawe", in *Vaalweekblad*, 05.11.1976; Anon, "Militêre begrafnis op Deneysville", in *Vaalweekblad*, 17.12.1976; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Deelname aan militêre funksies – militêre parades – militêre begrafnisse, Spesiale kommandementsorder no 76/77: Begrafnis: Wyle 653175070BT smn. I.P. Janeke, 30.08.1977; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Spesiale kommandementsorder nr. 132/78: Begrafnis: Wyle 75220749BG sktr. C.A.H. Viljoen, 07..09.1978; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Special command order no152/78: Funeral: The late 74804113 Gnr A. J. van den Berg, 08.10.1978; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Spesiale kommandementsorder nr. 262/79: Begrafnis: Wyle sers. J. A. J. Viljoen, 13.09.1978; Anon, "Foto: Die kis van skutter A. P. Joubert word op die kanonwa gelaai", in *Vaalweekblad*, 27.07.1979; Anon, "Perdfris van grens, beswyk in bed", in *Vaalweekblad*, 14.10.1979; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Spesiale kommande- mentsorder nr 296/79: Begrafnis: Wyle 75559039BG knr. P. J. P. Porter, 31.10.1979; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Spesiale kommandementsorder nr. 21/81: Begrafnis: Wyle 73456477BT smn. G Kendall, 17.02.1981; Anon, "Foto: Mnr. Gerhard Grobbelaar (23) ... wat besig was met grensdiens," in *Vaalweekblad*, 21.03.1980; Anon, "Die stoflike oorskot van wyle mnr. Frederick Oosthuizen ... wat in 'n ongeluk noodlottig beseer is", in *Vaalweekblad*, 17.07.1981; Anon, "Wegholwiele tref twee langs pad: Frats ... Toe sterf jong soldaat", in *Vaalweekblad*, 10.09.1982; Anon, "Mielieplanter kerf bakkie oop: Soldate dood op paaie", in *Vaalweekblad*, 16.11.1982; Anon, "Opgewonde oor vlug, toe stort Impala neer", in *Vaalweekblad*, 12.08.1983; Anon, "Baie bring hulde aan ontslape generaal", in *Vaalweekblad*, 27.01.19 ; Anon, "Foto: 'n Laaste eerbewys aan die 19-jarige Hilmar Liebenberg", in *Vaalweekblad*, 13.11.1984; Anon, "Konst. Deon Tredoux(21) en adj.off. Tallies Talljard(26) is Maandag ... vanuit die ... Klipkerk begrawe", in *Vaalweekblad*, 16.11.1984; Anon, "Foto: Lede van die Suid-Afrikaanse Polisieorkes het ... deelgeneem aan 'n militêre optog tydens die begrafnis van maj. Johan Louw", in *Vaalweekblad*, 06.06.1986; Anon, "Foto: Lt. Schillings het in 'n ongeluk gesterf", in *Vaalweekblad*, 10.05.1991.

[154] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: Volume 1: Jaarverslag 1977.

[155] MAV, p. 158. 30082000, Hunter, G., (73) Sonlandpark.

[156] MAV, p. 236. 10012001, Broderick, J.C., (49) Sonlandpark.



Illus. 101: Wessel van der Vyfer wat na 'n landmynontploffing in 1986 verlam is.

Bron: Anon, "Werkloos na landmyn", in *Vaalweekblad*, 21.08.1987.

eenhede is ook weens siekte in hospitale in die operasionele gebied opgeneem.[157]

'n Aantal soldate is vanweë die aard van die beserings wat hulle in die operasionele gebied opgedoen het, later as ongeskik vir werk verklaar. Louis Coetzee van Vanderbijlpark is in Januarie 1986 ernstig beseer in 'n landmynontploffing op die grens.[158] Wessel van der Vyfer van Kragbron is in Oktober 1986 as gevolg van 'n landmynontploffing verlam. Dit het meegebring dat hy sy werk verloor het.[159] Johan Taylor van Vereeniging was in 1983 saam met nog twee ander soldate in 'n landmynontploffing. Nadat sy bene as gevolg van die voorval begin disintegreer het, is hy deur ISCOR ontslaan. Van die twee ander soldate het die een sy been verloor, terwyl die ander soldaat se een been verkort is.[160] Andy Pike van Vereeniging is later oorlede as gevolg van kanker wat hy na 'n landmynvoorval ontwikkel het.[161]

## 13.7 PRESTASIES VAN VAALDRIEHOEKSE SOLDATE

Die Vaaldriehoekse soldate het op verskillende militêre terreine presteer. Sulke prestasies het gewissel van insluiting in die Staatspresidentswag, skyfskiettoekennings, tot dapperheidsdekorasies. Soldate uit ander streke het ook in die Vaaldriehoek dapperheidstoekennings verwerf. Sommige persone wat in die Vaaldriehoek grootgeword het, het later hoë posisies in die veiligheidsmagte beklee. Generaal Roland de Vries het op Vanderbijlpark grootgeword en was later die bevelvoerder van 7 Infanteriedivisie.[162] Generaal

[157] Vgl. DDD, Pretoria, 73 brigade hk, Groep 1, Houer 17, Lêer A/MED/3/1, Mediese behandeling, Verslag siekeboeg Grootfontein 28.05.1976 tot 04.06.1976.

[158] Anon, "Ernstig na landmyn op grens ontplof", in *Vaalweekblad*, 27.06.1986.

[159] Anon, "Werkloos na landmyn", in *Vaalweekblad*, 21.08.1987.

[160] Anon, "Army injury cost man his job", in *Vaal Ster*, 07-11.10.1981.

[161] MAV, p. 70. 05022000, Van Stratten, M., (50) Helenasrus.

[162] Anon, "Regiment kry nuwe bevelvoerder", in *Vaal Ster*, 22-26.02.1993.

H.G. de Wit, die destydse kommissaris van polisie, het in 1945 by Hoërskool Vereeniging gematrikuleer.[163]

### 13.7.1 VAALDRIEHOEKSE LEDE VAN GEKEURDE AFDELINGS

Om in die Staatspresidentswag opgeneem te kon word, is vroeër as 'n prestasie beskou. Twee neefs van Vanderbijlpark, Bennie en Barend Geldenhuys, was gedurende 1974 albei op dieselfde tyd lede van die Staatspresidentswag.[164] Koos Petzer en Kobie Bezuidenhout van Vanderbijlpark was ook in 1974 deel van dié eenheid.[165]

Die seun van die burgemeester van Vereeniging, Deon van Zyl, was 'n instrukteur-sersant by die berede sentrum in Potchefstroom. Na aanleiding van dié aanstelling het die *Vereeniging & Vanderbijlpark News* dienspligtiges aangemoedig om by die berede afdeling aan te sluit.[166] Die seun van nog 'n voormalige burgemeester van Vereeniging, maj. Nic Botha, was die hoofinstrukteur tydens die lugmag se oorlewingskursus vir vlieëniers wat vanaf 12 Februarie tot 22 Maart 1977 naby Saldanhabaai en in die St. Lucia meer omgewing aangebied is.[167] Majoor A.L. Clulee van Groep 17 was gedurende Mei 1983 die kursusleier vir 'n opleidingskamp vir die sleutelpersoneel van die RAU Militêre Eenheid wat by die Militêre Basis Doornkop aangebied is.[168]

Die bevelvoerder van die Iscor Kommando, kmdt. P. P. Williams, is in Junie 1976 gekies as lid van die Springbokskyfskietspan wat Suid-Afrika oorsee

---

[163] Foto sportkompleks, Hoërskool Vereeniging; Vgl. G.J. Joubert, "Kommissaris open Vaalskou", *Servamus*, Januarie 1989, p. 16.

[164] Anon, "Saam deur skool en in S.P.", in *Vaalweekblad*, 13.09.1974.

[165] Anon, "Koos Petzer and Kobie Bezuidenhout ..... have been chosen as members of the State Presidents Guard ....", in *Vereeniging & VanderbijlparkNews*, 16.08.1974.

[166] Anon, "Military 'mounties' patrol our borders", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 26.11.1976, p. 5.

[167] Anon, "Oorlewingskursusse is iets om te onthou", in *Vaalweekblad*, 04.03.1977; Vgl. ook Anon, "Operation survival", *Paratus*, 30(5), Mei 1979, p. 33.

[168] Anon, "Sleutelpersoneel van RAU na opleidingskamp", *Paratus*, 34(8), Augustus 1983, p. 67.

verteenwoordig het.[169] Luitenant Helgard Griessel van die Vaal Kommando en Suid-Afrikaanse skyfskietkampioen, het in September 1991 vir die vierde keer Springbokkleure in skyfskiet verwerf.[170] Vaaldriehoekers was ook lede van die spesiale magte. Sersant Chris Momberg wat in 1987 gesneuwel het, was lid van Koevoet.[171] Koevoet was die teeninsurgensie eenheid van die polisie in Suidwes-Afrika.[172] Adjudant-offisier P. W. Van Heerden was een van die stigterslede van die Verkenningskommando 'Recces'.[173]

### 13.7.2 TOEKENNINGS

Eugene Swanepoel, oudleerling van die Hoërskool Transvalia, is in Augustus 1976 as die netjiesste soldaat van die Infanterieskool op Oudtshoorn aangewys.[174] In Desember 1976 het drie Vaaldriehoekers meer as 80 persent in hulle kandidaat-offisierskursus behaal.[175] Fanie Viljoen het in Junie 1978 die passtok vir die beste bombardier tydens die instrukteurskursus in Potchefstroom ontvang.[176] Hendrik Lategan het die trofee vir die student met die hoogste punte in Impala-vlugte ontvang.[177] Drie Vaaldriehoekers wat in Januarie 1992 hulle vlerkies op Dunnottar ontvang het, het ook besluit om vir tien jaar by die lugmag aan te sluit.[178]

---

[169] Anon, "Bevelvoerder weer in Springbokspan", in *Vaalweekblad*, 09.07.1976.

[170] Anon, "Manly/Gerald Bosch Sports en Vaalweekblad se sportster van die week", in *Vaalweekblad*, 27.09.1991; N. Bezuidenhout, "Diensskietkampioenskappe: Onderwyser in die kol", *Paratus*, 42(11), November 1991, p. 60.

[171] MAV, p. 126. 04052000. Momberg, H. M. E., (61) Vanderbijlpark.

[172] J. Hooper, *Koevoet!* (Johannesburg, Southern Book, 1988), p. 233.

[173] MAV, p. 232. 10012001. Van Heerden, J. J., (46) Vereeniging.

[174] Anon, "Foto: Eugene Swanepoel ..., met die trofee wat hy verower het as netjiesste soldaat", in *Vaalweekblad*, 27.08.1976.

[175] Anon, "Drie tweede-luitenante van Vanderbijlpark het meer as 80 % behaal ...", in *Vaalweekblad*, 28.01.1977.

[176] Anon, "Foto: Fanie Viljoen ... het ... die passtok ontvang vir die beste bombardier" , in *Vaalweekblad*, 07.07.1978.

[177] Anon, "Jong man vlieg twee trofeë los", in Vaalweekblad, 17.10.1980.

[178] Anon, "Volwaardige vlieëniers: Swoeg en sweet alles die moeite werd", in *Vaalweekblad*, 31.01.1992.

Onderkorporaal Martin Benade is in April 1987 op Voortrekkerhoogte as die beste mediese operasionele assistent aangewys.[179] Die regiment-sersantmajoor van die Vaal Kommando, AO1 J. G. du Preez, het in Augustus 1993 die sersant-majoor van die leër se wisseltrofee ontvang.[180] Vaaldriehoekse soldate wat lede van militêre eenhede in ander streke was en waar sulke eenhede 'n besondere eer te beurt geval het, kan ook kortliks genoem word. Ses Vaaldriehoekers, lede van 1 Mediese Bataljongroep, het in Julie 1987 'n kamp in Pinetown gedoen, waartydens die eenheid sy vaandel ontvang het en ook aan die Durbanse Taptoe deelgeneem het.[181] Ses ander Vaaldriehoekers, wat lede van die 5 Mediese Bataljon Groep was, was in Oktober 1988 deel van die parade tydens die toekenning van die reg van vrye toegang aan die eenheid deur Johannesburg.[182]

Dit was nie net Vaaldriehoekse soldate wat op militêre gebied presteer het nie. 'n Oud-Sasolburger, Fanie van Rooyen, oorspronklik 'n joernalis op Sasolburg, was die derde persoon om tot vriend van die *Paratus* aangewys te word.[183] Die sanger Bles Bridges was van Vereeniging afkomstig. Sy weermagliedjies, *Onbekende weerman* en *Ry hom nie verby nie* was in 1983 treffers en het tot sy gewildheid bygedra.[184]

### 13.7.3 ORDES EN MEDALJES

Vaaldriehoekers het hulle onderskei deur gesogte militêre ordes en medaljes te verwerf. Van die ordes vir dapperheid is in die Vaaldriehoek verwerf.

---

179 Anon, "L/cpl. Martin Benade was recently nominated best Operational Medic ....", in *Vaalweekblad*, 10.04.1987.

180 Anon, "Harde werk beloon", in *Vaal Ster*, 09.08 – 13.08.1993.

181 Anon, " 'n Militêre parade wat anders is", in *Vaal Ster*, 27-31.07.1987.

182 Anon, " Freedom of J'burg for six Trianglers", in *Vaal Ster*, 24-28.10.1988.

183 Anon, "Vriend van paratus: Die derde toekenning", *Paratus*, 35(7), Julie 1983, p. 33.

184 Anon, "Gewese troepie ontpop in gewilde sanger", *Paratus*, 35(8), Augustus 1984, p. 22.



Illus. 102: Kpl. Andre de Kock, tweede van regs. Die *Honoris Crux* is aan hom toegeken na 'n daad van dapperheid in Owambo land op 15 Mei 1976.

Bron: I. Uys, *Cross of Honour* (Germiston, Uys Publishers, 1992), p. 42.



Illus. 103: Kapt. Arthur Walker houer van die *Honoris Crux* Goud.

Bron: I. Uys, *Cross of Honour*, p. 87.



Illus. 104: O.kpl. Johny Maloy, derde van links, houer van die *Honoris Crux*. Die orde is postuum aan sktr. Euner Rosenberg toegeken. Die orde is aan albei toegeken na 'n daad van dapperheid in Vereeniging op 30 Januarie 1990.

Bron: M. Ley, "Agt dapperes deur Weermag vereer", in *Beeld*, 01.07.1991.

Vaaldriehoekse soldate het ook die gesogte *Honoris Crux*-medalje verwerf. Hierdie medalje was die hoogste toekenning vir dapperheid aan lede van die weermag en is toegeken vir dade van dapperheid terwyl iemand in lewensgevaar verkeer het.[185] Die eerste Vaaldriehoeker wat dié medalje ontvang het, was sktr. A de Kock van Wolwehoek.[186] Hy het onder vyandelike vuur tydens 'n hinderlaag op die grens met Angola, die beseerde bestuurder van 'n voertuig na veiligheid gedra.[187] Kolonel Arthur Walker, wat op Walkerville grootgeword het, het twee keer die *Honoris Crux* Goud ontvang.[188] Die eerste keer was nadat hy in sy Alouette-helikopter ondersteuning aan Suid-Afrikaanse grondmagte in Suid-Angola gegee het en sy helikopter 'n paar keer raakgeskiet is.[189] Die tweede keer was toe hy tydens Operasie Vlinder gedurende Desember 1981 ander vlieëniers gered het.[190]

Twee lede van die Suid-Afrikaanse Kleurlingkorps (SAKK) in Vereeniging het die *Honoris Crux*-medalje ontvang vir dapperheid in. Die twee soldate, o.kpl. J. Molay en sktr. E. Rosenberg, het terwyl hulle in die Vaaldriehoek ontplooi was, in die middedorp van Vereeniging geloop, en gesien dat 'n winkel besig was om af te brand. Hulle het probeer om die vlamme te blus. Skutter Rosenberg het in die vlamme gesterf. Die *Honoris Crux* is op 29 Junie 1991 tydens 'n parade aan o.kpl. Molay en aan die vader van sktr. Rosenberg oorhandig.[191]

---

[185] I. Uys, *Cross of honour* (Germiston, Uys Publishers, 1992), p. 169.

[186] Anon, "Dapperes vereer met medaljes", in *Oggendblad*, 06.12.1978, p. 2.

[187] Anon, "Boer kry dekorasie: Maat gered in lewensgevaar", in *Vaalweekblad*, 13.03.1979; Vgl ook I. Uys, *Cross of Honour*, pp.41-42; Anon, "Almal helde: Makker onder koeëlreën uit voertuig gered", *Paratus*, 30(2), Februarie 1979, p. 10.

[188] I. Uys, *Cross of Honour*, p. 76.

[189] P.C., Venter, *Tussen tiers: SA Oorlogshelde* (Johannesburg, Folio, 1983), p. 106.


[190] I. Uys, *Cross of Honour*, p. 89; Anon, "Our brave recipients of the Honoris Crux", *Paratus*, 33(7), Julie 1982, p. 10; Anon, "Dapper ontvangers van die Honoris Crux", *Paratus*, 33(8), Augustus 1982, p. 37.

[191] I. Uys, *Cross of Honour*, p.151; N. Bezuidenhout, "Weermagdagparade – Bloemfontein: Bewys van RSA se vermoë", *Paratus*, 42(8), Augustus 1991, p. 9.



Illus. 105: Die Regiment Overvaal is in Augustus 1982 as die ontwikkeldste regiment aangewys. Kmdt. Lourens Human en maj. Pierre Viljoen het ook die hoof van die leër se aanprysingsmedalje ontvang.

Bron: Anon, "Overvaal is topregiment", in *Vaalweekblad*, 13.08.1982.



Illus. 106: Kmdt. Pikkie van Niekerk was die eerste soldaat uit Vereeniging om die hoof van die leër se aanprysingsertifikaat te ontvang.

Bron: Anon, "Commando OC receives Army Chief's citation", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 04.03.1977.

Benewens die feit dat 'n hele aantal Vaaldriehoekers die Pro Patria medalje ontvang het, het van hulle ook ander militêre medaljes ontvang. 'n Paar voorbeelde word genoem:

Kommandant A. S. Barnes het tydens 'n medalje-parade van 73 Gemotoriseerde Brigade in Julie 1977 die Suiderkruismedalje ontvang.[192] Die medalje vir dertigjaar troue diens is in 1981 aan kapt. H.B. van der Walt en in 1982 aan maj. P. A. Hattingh van die Vaal Kommando toegeken.[193] Die hoof van die leër se aanprysingsmedalje is gedurende 1982 en 1983 aan drie lede van die Meyerton Kommando toegeken, naamlik kmdt. S. J. Myburg, maj. P. J. Els en lt. A. H. Maritz.[194] Dié medalje is in 1982 ook aan kmdt. Lourens Human en maj. Pierre Viljoen van ROV toegeken.[195]

Die bevelvoerder van die Vereeniging Kommando, kmdt. Pikkie van Niekerk, het aan die einde van Februarie 1977 die Aanprysingsertifikaat van die hoof van die leër vir uitstaande diens van die bevelvoerder van die Kommandement Witwatersrand, brig. C. W. Germishuizen, ontvang. Hy was die eerste soldaat van Vereeniging om dié eer te beurt te val.[196]

## 13.8 SAMEVATTING

Militêre aktiwiteite het 'n duidelike impak op die samelewing gehad. Die onttrekking van mannekrag, asook gesneuweldes en gewondes het 'n skadelike uitwerking op die ekonomie gehad. Suid-Afrika het in die tydperk 1974 tot 1989 meer as 1000 man verloor en die militêre stryd het ongeveer R15 biljoen

---

[192] Anon, "First medal parade for 73 Motorised Brigade", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 13.07.1979.

[193] Anon, "Goue madaljes vir 30 jaar diens", in *Vaalweekblad*, 27.11.1981; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Vaal Kommando: Jaarverslag 1982.

[194] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Meyerton Kommando: Jaarverslag 1983.

[195] Anon, "Overvaal is topregiment", in *Vaalweekblad*, 13.08.1982.

[196] Anon, "Commando OC receives Army Chief's citation', in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 04.03.1977.

gekos.[197] Die Vaaldriehoek is ook deur die proses geraak. Dwelm- en alkoholmisbruik het onder Vaaldriehoekse soldate voorgekom. Afwesigheid van die vader van die huis en 'n kleiner inkomste tydens kampverpligtinge het tot egskeidings gelei. Die militêre kultuur van destyds het meegebring dat ook Vaaldriehoekers aan oorlogspele deelgeneem het en in militêre speelgoed begin belangstel het. Gevegservarings van soldate het tot sielkundige probleme aanleiding gegee. Enkele Vaaldriehoekse burgerlikes was ook aan gevegsituasies blootgestel. Heelwat Vaaldriehoekse soldate het destyds gesneuwel, terwyl 'n aantal gewond is. 'n Aantal lede van die veiligeidsmagte is ook in ongelukke op die tuisfront oorlede.[198] Die naasbestaandes van gesneuweldes kon selfs jare daarna die dood van hulle geliefdes moeilik verwerk. Die veiligheidsituasie in die Vaaldriehoek het daartoe gelei dat mense neuroties geword het. Aan die ander kant het verskeie Vaaldriehoekers op militêre gebied buitengewoon presteer.

[197] E. Rhoodie, *PW Botha: The last betrayal 1978-1989* (Melville, S.A. Politics, 1989), pp. 200-201.

[198] Vgl. tabel 2 en tabel 3 in hierdie hoofstuk.